# DIE KONINKRYK VAN GOD – 2

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

## TEMA: DIE SAAD - DIE HOEKSTEEN

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

### 1. DIE VERBOND

Ons het gesien dat God die reg moes kry om weer Sy voet op die aarde te kon sit. Hy moes dit doen deur die verbond van die besnydenis aan te gaan. (Gen. 17) Hy moes iemand kry met wie Hy weer één kon word; iemand wat weer in Hom sou glo en Hom sou aanneem, sodat Hy weer Sy saad in die toekoms op aarde kon plant. God het na Abraham gegaan en die volk Israel opgerig. Sy uiteindelike doel was om 'n Messias voort te bring. (Verwys na Koninkryk 1)

- Ons moet onthou dat dit handel oor die Koninkryk van die hemele, wat op 'n vervloekte aarde gevestig moes word.
- Die verbond van die besnydenis is met Abraham aangegaan. Die uiteinde daarvan was die Messias.
- Ons moet onthou dat die aarde vervloek is en daarom kan niks wat uit die aarde voortkom rein, skoon en heilig genoeg wees om die vloek los te koop nie.
- Net 'n vader mag saad gee, daarom, in die verbond van die besnydenis, moes God weer Abraham se Vader word. Hy moes Hom weer aanvaar. Hy moes Israel se Vader word, want as jy nie in 'n verbond is nie, het jy nie die reg om saad te gee nie.

### 2. DIE SAAD

Dit is net in 'n verbond waar 'n saad gegee mag word. Net 'n vader het saad en gee saad. 'n Vrou het nie saad nie, 'n vrou ontvang net die saad. Die saad kom van die vaderlike persoonlikheid in die verbond en sy, die bruid, bring die saad voort.

Dit was veronderstel om Israel te wees, maar dit het misluk en toe het God na Dawid toe gegaan en vir Dawid gevra of hy Sy saad sal aanvaar. Dawid het dit aanvaar in die vorm van Psalm 23. Die Messias word daarom nie die seun van Israel genoem nie, maar die seun van Dawid genoem. Dawid het die vervulling van die verbond ingebring en dit is waarom Dawid 'n man na God se hart was. Dit is in Dawid, uit die bloedlyne van Juda, voortgebring!

Alle saad word beskerm. In die natuur byvoorbeeld, perske pitte, word saad beskerm deur 'n omhulsel of deur die vrug self. Die saad dra die werklike DNA, identiteit, persoonlikheid, die hele wese van die

lewe wat in die saad geïmplementeer is. Die saad word beskerm teen enige beskadiging, besmetting of vuilheid.

Die Vader gee Sy saad in die vorm van die Woord, maar Hy plaas dit **agter** die maagdevlies in Maria.

- Dit is waarom dit so belangrik is om te weet dat Christus uit die maagdskap van Maria ontwikkel is. Daar was geen omgang of geen menslike elemente betrokke daarby nie. Dit was agter die maagdevlies geplaas.
- Die maagdevlies is ‘n teken van die reinheid en heiligheid (die purity en holiness) met (in) die ontwikkeling van die saad van die Vader, wat aarde toe gekom het.

## 3. DIE HOEKSTEEN

**Wat is die saad?**

- Die saad is die **BOUSTEEN** van die Koninkryk van die hemele. Die Vader kon alleenlik weer een word met die aarde as Hy ‘n bousteen kon gee.
- Hy wou op die aarde Sy hoeksteen van versoening lê.
- Hy wou weer besitreg hê en het uitgereik na die aarde toe, *want so lief het God die wêreld gehad.*
- Hy wou weer Sy Koninkryk wat in die hemele is, vestig op aarde.

Hy gee Sy saad. Hy gee die **Hoeksteen** wat die bouers verwerp het, af na die aarde toe.
Ps 118:22 Die steen wat die bouers verwerp het, het ‘n hoeksteen geword.

Die Saad kom in die vorm van die Woord, agter die maagdevlies. Nadat alles klaar plaasgevind het en die fetus ten volle ontwikkel, het hierdie rein en heilige geboorte kanaal oop gebreek, en ‘n vol ontwikkelde perfekte babatjie breek deur die maagdevlies. Die maagdevlies is van die heiligheid en die reinheid afgebreek binne in die aarde in. Die aarde kon nou niks daaraan doen nie, *want die aarde het niks te doen gehad met die vorming en die maak van hierdie Hoeksteen nie.*

- Die Hoeksteen van die Koninkryk van die hemele, het uit die troon kamer gekom, uit die Vader se hart.
- Die saad wat Hy gegee het, het ontwikkel tot die vorm van ‘n hoeksteen, binne in Maria.
- Toe hierdie hoeksteen klaar gevorm is, het dit deur gebreek.
- Die hoeksteen word op die fondasie gelê, wat die Apostoliese en Profetiese is.

Almal wat geprofeteer het, was die fondasies. Selfs Johannes die Doper was die fondasie. Hy het gesê dat hy die fondasie gelê het, maar dat daar Iemand sou kom. (Johannes 1:27) Dit was die profetiese.

- Christus, die Hoeksteen, word gelê bo-op hierdie fondasie van die profetiese.
- Hy is die vervulling van die wet en die profete.

Die bouers kan vir jou vertel dat die hele huis af hang van hoe die hoeksteen gelê is. As die hoeksteen in ‘n perfekte posisie, waterpas en reghoekig (level and square) gelê is, sal die hele huis ‘n sukses wees. As die hoeksteen nie waterpas is nie, of as dit uit rigting is, sal die hele huis krom en skeef wees. Daar is dan nie ‘n perfektheid in die huis nie.

- Onthou, die vorming van die Hoeksteen het plaasgevind **op** aarde, maar nie in die aarde nie.
- Die vorming het **in** die maagd, die rein gedeelte van die mens, plaasgevind.
- Die hoeksteen was die eerste steen van die Koninkryk van God wat op aarde gevestig is.

Die Koninkryk van die hemele, is in die vorm van die Koninkryk van God, in Christus Jesus, op aarde gevestig. Die Woord is nou op aarde gevestig. Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

- Christus kom, in die vorm van die hoeksteen, as ‘n verteenwoordiger van die Koninkryk van die hemele.

-o0o-

**Hy het gesê**:

i) Hy is die Koninkryk van die Vader en dat Hy uit die Koninkryk van die hemele kom.
ii) Hy is die Hoeksteen.
iii) Hy is die Koringkorrel wat aarde toe moes kom, sodat Hy weer hier vir die Koninkryk van die Lig 'n plek kon vorm.
iv) Hy het gesê dat Hy hier as verteenwoordiger van die hemele was, om dit op die aarde 'n realiteit te maak.
v) Almal wat Hom aanneem het die reg om kind van God te wees. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie.
vi) Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Die hele skrif is volbring hierin.

Christus het vir ons die perfekte voorbeeld kom stel; nie van heerskappy nie, maar van diensknegskap. Jesus wys hoe die Vader wil hê dat ons die Koninkryk van die hemele aarde toe moet bring. Dit is waarom Johannes ook gesê het dat die mense *hulle moet bekeer, want die Koninkryk van die hemele het naby hulle gekom en dat die Koninkryk van die hemele voor die deur is*. Dit is vir julle om te aanvaar of te los.

Dit sal miskien baie goed wees as julle **Lukas 3** gaan bestudeer. Dit is die prediking van Johannes, die Profetiese. Daar verduidelik hy vir ons die doel waarom hierdie Christus, die Messias, hierdie hoeksteen, aarde toe gekom het. Johannes stip ook uit die simboliek, die embleem en die voorbeeld wat die Vader vir ons gestuur het. Hy sê eintlik, dat die mensdom almal op klei gebou het en dat daardie huise van klei nie gaan hou nie. Hy sê dat ons nou op hierdie rots, Jesus Christus, moet bou.(Matt 7)

- God die Vader wou weer Sy Koninkryk, die Koninkryk van die hemele, hier op aarde vestig.
- Hy het grondgebied nodig gehad, wat die volk Israel was.
- Hy moes toestemming by die mensdom kry sodat Hy weer kon bou.
- Hy het met Abraham die verbond van die besnydenis aangegaan.
- Die Messias is voortgebring en toe kon Hy begin bou.
- Hy kon die Koninkryk van God op aarde begin bou in die vorm van die Woord, die hoeksteen, die eerste steen wat gelê is.
- Die Koninkryk van God op aarde word dan gelê in Christus Jesus hier op aarde.

Hy het Sy saad, Sy Hoeksteen, Sy Woord gegee om vir ons 'n perfekte voorbeeld te stel van hoe ons van nou af verder moet bou.

**Efe 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die Heiliges en huisgenote van God,**
**Efe 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,**
**Efe 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,**
**Efe 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.**

## 4. RAADSPLAN

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

Ons moet een ding baie mooi verstaan. Daar is 'n raadsplan van God uitgelê. *Ek en jy is die vervulling van daardie raadsplan*. Christus het tydelik klaar sy werk gedoen en Hy sal terugkom en weer aangaan met Sy werk. Dit is nou die Heilige Gees wat hier op aarde moet raad gee, ***onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan***. Sy oog is op ons. Die toesig, wysheid en al die kennis wat ons nou nodig het op aarde, gee Hy in die vorm van die sewe geeste van God, om te kan doen wat Christus vir ons beveel het om te doen. Dit is waarom Christus, net voordat Hy opgevaar het, gesê het:

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

-o0o-

**Wat is 'n dissipel?**

- 'n Dissipel is iemand wat deur die Heilige Gees voorberei en bekwaam gemaak is.
- 'n Dissipel word opgelei en tot op 'n plek gebring waar hy uitgestuur kan word en in die wil van die Vader kan funksioneer.

**Wat sê Hy eintlik?**

Hy sê die aarde en die mense het misluk. Die Vader moes weer grondgebied terugkry om die Koninkryk van die hemele te vestig op aarde. Dit is net soos wat iemand 'n nuwe supermark wil oopmaak. Hy moet eers grondgebied koop en deur al die rituele gaan, voordat hy die winkel in die volgende dorp kan gaan opsit. Hy kan nie sommer net gaan doen wat hy wil nie.

- So het Christus Jesus die verteenwoordiger en die hoeksteen, wat gebou is uit die Koninkryk van die hemele hier op aarde, van die Koninkryk van God geword.

Nou sê Hy: ***en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het***.

- Hy, die Woord, is die voorbeeld. Daar is nou geen verskonings nie

Hy sê dat ons net op Hom kan vertrou om ons te help, sodat die perfekte voorbeeld wat die Vader vir ons gegee het in Hom, vir ons 'n maatstaf kan wees verder vorentoe.

-o0o-

**Ps 23:1** 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.
Ps 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Ps 23:3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
Ps 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
Ps 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.
Ps 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

**Joh 1:26** Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie—
Joh 1:27 dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie.

-o0o-